Die Rietfonteiner

Jaargang 02 - No 01 Julie 2026 – September 2026

Die Rietfonteiner
Uitgegee deur SAWA Streek Rietfontein

Nuusblad van Streek Rietfontein van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
Redakteur en bladuitleg: Lance Batts
Theunissen str 7
Secunda
2302

Telefoon 082 876 8391
E-Pos: batts.lance@gmail.com

Verspreiding: Lance Batts & Hentie Wesels
Fotoblaaie: Lance Batts
Proeflees: Stella Batts



INHOUD

Streeksbestuur	3
Oordenking	4
Redaksioneel	5
Uit die Voorsitter se pen	6
Jaarprogram 2025/2026	7
Senior Burger	7 - 8
Jeug	8 - 9
Verjaardae	19 - 10
Huweliksherdenkings	10 - 11
Lief en Leed	11
Algemeen	11 - 12
Rietfontein Bankbesonderhede	12
Voorraad	12
Sawa klere	12
Fynproewer	12 - 13
Tegnies	14
Spog hoekie	14 - 15
Fotobeeld:- Weesgerus	15 - 16
Bloekompoort – AJV	16 - 25
Buffelspoort	25 - 26
Umfula	26 - 27

STREEKSBESTUUR 2025/2026

Voorsitter
Martin von Molendorff
Stofberg Laan 114
Brakpan
1541

Tel: 082 852 4723

E-pos: vondorff95@gmail.com

Onder Voorsitter

Tel:

E-pos:

Sekretaresse
Elize Wessels
Harvard Laan 22
Impalapark
Boksburg
1495

Tel: 082 818 6412

E-pos: queenlizew@gmail.com

Penningmeester
Don Pretorius

Tel: 082 907 4222

E-pos: Don@tymes.co.za

Skakel Beampte
Retha von Molendorff
Stofberg Laan 114
Brakpan
1541

Tel: 082 924 9174

E-pos: benoniup@gmail.com

Redaksie
Lance Batts
Theunissenstr 7
Secunda
2302

Tel: 082 876 8391

E-pos: batts.lance@gmail.com

Addisionele Lid

Tel:

E-pos:

Batehouer

Tel:

E-pos:

OORDENKING



Ek het Hom nodig.
So hier is my antwoord.

Ek glo in God, want partykeer is die wêreld so "awesome" en dinge werk so goed uit dat my siel uitroep vir iemand om voor dankie te sê.
Dan is dit Hy!

Ek glo in God, want soms is die berge en die sonsondergang en die wolke en die maan so mooi dat ek iemand nodig het om te prys.
Iemand moes dit gemaak het.
Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer gebeur goed wat so onbeplan is en so seer maak
en dan voel dit of niemand verstaan nie, maar Dan onthou ek die spykers in Sy hande en die Man aan die kruis.
Dan weet ek Iemand huil saam met my.
Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer is ek so deurmekaar en die lewe so sinneloos en my drome lyk onbereikbaar en Dan het ek iemand nodig om saam met my die pad te stap en rigting te wys.
Dan is Hy daar!

Ek glo in God, want partykeer is ek so dom en ek doen sulke "stupid" goed en Sonde mors my hart en my lewe so op en maak ander so seer
En Dan het ek nodig dat Iemand vrede en wysheid bring
Dan is Hy daar!

Hy maak heel wat ek self verbrou het!
Hy bring genade selfs in seer wat ekself veroorsaak het!

Ek glo in God, want partykeer weet ek niks. Ek het leiding en wysheid nodig in 'n deurmekaar wêreld wat ek nie verstaan nie.
En Dan skryf Hy vir my in die Bybel en ek lees Sy Woord en hoor Sy stem en dinge maak weer sin!
Ek glo in God, in Jesus, in sy Gees, want Hy's daar!
Heeltyd! Altyd!

REDAKSIONEëL



Sawante

So begin ons weer ‘n nuwe SAWA jaar. Amper ongelooflik hoe die tyd verby snel. Ons het reeds ‘n paar lekker kampe agter die rug asook ons AJV te Bloekompoort wat n fees was. Baie geluk aan ekleen wat ‘n toekenning gekry het, was wel verdien gewees.

Hiermee wil ek aan al die ou Bestuurslede dankie sê vir jul onbaatsugtige diens wat jul gegee het vir Streek Rietfontein. Mag jul jul rus tyd geniet, weet wel dat ons weer op jul knoppie gaan druk in die nabye toekoms. Aan die nuutverkose Bestuurspan baie geluk met jul verkiessing. Ons gaan die jaar ook heerlik saamwerk.

Aan Hente Wessels, wat Rietfontein vir soveel jare suksesvol gelei het wil ek sê baie geluk met jou onbestrede nominasie as Gebiedsvoorsitter. Hier weet ek ook gaan jy n duidelike merk maak en baie suksesvol wees. Jy is en sal altyd ‘n Rietfonteiner wees en bly.

Soos jul kan sien ons het drie poste oop op ons bestuurspan. As jul jul wegoopsien kom sluit by ons aan en ons, en kom deel in ons pret ook.

Ek wil ook weer aan elke nuwe lid wat aangeluit het by die Rierfontein familie baie welkom sê, ons gaan heelik saam kamp. Aan die nuwe babas, baie geluk aan die nuwe ouers en grootouers.

Die belangrikste in Rietfontein is natuurlik ons kampe. Ons besef tye is moeilik met die duur brandstof pryse, tolhekke en duur kamp kostes maar asb probeer ons ondersteun met die kampe. Daar is niks so lekker as ‘n saam kuier om die braaivleis vuur en kampvuur saans nie. Ook om saam die naweek as vriende en familie te kuier.

Ek vra ook weer elkeen se hulp met kamp foto’s. Jul kan dit vir my e pos na batts.lance@gamil.com of plaas dit op Rietfontein se Facebook blad waar ek dit kan aflaai. Ek sal artikels van enige aard ook waardeer, of as jy wil spog oor jou kinders of iets opwindings in jul huisgesin gebeur wat jul graag met ons wil deel. Als sal waardeer word. Ek gaan ook minder foto’s ‘n die nuusbrief plaas, omrede dit die nuusbrief te groot word met al die foto’s. So as jul nog foto’s wil hê kan jul my e pos en ek sal vir jul aanstuur.

Ek beplan om ook die jaar die nuusbrief vier keer ipv. Drie keer uit tegee.

Tot ons weer gesels, groete van woonwa tot kampwa tot tent.

Lance Batts.

UIT DIE VOORSITTER SE PEN



Hierdie is my eerste briefie as Voorsitter

Eerstens wil ek baie dankie sê vir Hentie vir die voorbeeld wat hy vir my was en is om in sy voetspore te kan volg. Ek wens hom alle seëninge en sterke toe vir sy nuwe pos en ek weet dat hy elke geleentheid wat sy pad sal kruis met goeie dryfkrag en bereidwilligheid sal aanpak. Ek weet Hentie sal alles in sy vermoë doen om die beste van elke saak of geleenteheid te maak.

Hierby wil ek ook vir Hentie en Elize baie geluk sê met jul 1ste kleinkind welkom in die Ouma en Oupa sage. Bederf bederf en bederf want dit is Ouma en Oupa se voorreg om net te kan bederf.

Ek wil ook dankie sê vir ieder en elke lid wat my die kans gee om as Voorsitter te dien. Ek is vertroud met die bestuurspan omrede ons ook al n lang pad saam stap en sien ook uit om saam met Don die pad te stap. Ek weet ons sal almal lekker saam werk. Ek sien uit na elke uitdaging wat my pad sal kruis en ek vra Onse Vader dat hy my sal lei en seën om saam met die bestuurspan die beste van elke geleentheid te kan gee.

Ons 14de AJV vergadering by Bloekompoort het baie lekker afgeloop met 12 woonwaens waarvan 1 besoeker was Martin en Dalene Furguson. (Ek glo en vertrou dat hul spoedig ons nuwe lede sal word) en Lance en Stella wat in een van die huisies oorgebly het.

Die vergadering self het baie glad en vining verloop. Die etes wat ons by die oord geëet het was weereens ‘n wenner gewees. Ons tema BOEMELAAR het goed verloop met ons baie lekker Bunny Chows wat Elize Nigrini en haar span vir ons opgetower het as aand ete. Ek vertrou dat elkeen die kamp wel terdeë geniet het.
Ons Buffelspoort kamp was ons slegs 5 lede wat gekamp het. Al was ons so klein groepie het ons onself geniet en ons het die koue nat weer van Vrydag aand getrotseer. Die fees was nou wel nie so groot nie maar die vermaaklikheid wat daar was was interessant. Ons het almal die Rugby geniet by Oom Leon hul se woonwa en kon darem ook ‘n vleisie braai. Hoe sou die naweek gewees het sonder ‘n vleisie braai?
Ek wil afsluit met…….

Ons Vertrou op die Here. Hy is ons hulp en ons beskermer. Elke dag bied ‘n nuwe kans om jou geloof te versterk en ander te bemoedig. Begin jou dag met n gebed en laat jou dade en liefde leiding van God weerspieël. Selfs in moeilike tye, soos siekte of uitdagings, kan geloof en vertroue jou inerlike vrede bring en jou help om ander te ondersteun.

Mooi loop!!!!

Martin von Molendorff
Voorsitter: SAWA Rietfontein

JAARPROGRAM 2025/2026

Datum	Bestemming	Kamp
23 – 25 Okt 2026	Dube	Streek
20 – 22 Nov 2026	Kerskamp – Weltevrede Country Resort	Streek
29 – 31 Jan 2026	San Cha Len Guest Farm	Streek
26 – 28 Febr 2026	Sionbergh	Gebieds kamp
25 – 29 Mrt 2026	The View on Vall – Paasfees 2027	Nasionale kamp
23 – 25 (27) Apr 2026	Badplaas	Streek
28 – 30 Mei 2026	Kokariba	Streek
25 – 27 Jun 2026	Almega Karavaan Park	Streek
09 – 11 Jul 2026	Weesgerus Vakansieoord	Streek
06 – 08 Aug 2026	Weltevrede Country Resort	Streek
14 Aug 2026	AJV – Tuis.	Saam kuier
03 – 05 Sept 2026	ATKV Buffelspoort – Afrikifees	Streek
23 – 26 Sept 2026	Nasionale Saamtrek & 100+	Nasionale Kamp
22 – 24 Okt 2026	Bush Baby Caravanpark (RF se 15de verjaarsdag)	Streek
26 – 28 Nov 2026	Kerskamp – plek sal nog bevestig word	Streek

SENIORBURGERS



GENADE IS `n reusewoord. Amper TE GROOT om te verstaan.
Omdat genade ons OORMAAK:

Genade is iets wat eenvoudig gegee word. Genade neem die
Onbruikbare stukkies van ons laslappielewe en werk dit, nog voor
Ons vra, aanmekaar in pragtige heelwees-prentjies. Dit neem
Die hart wat deur die modder gesleep is hemelse wassery toe
En hang dit weer - silwerskoon en netjies gestryk - op die
Hanger van die lewe. Dit maak moedeloses weer mense van
Hoop, verander bitterheid in vergifnis en herskep verlorenes
In Ewigheidskinders. Deur genade word `n troostelose toekoms
Omskep in `n lewe wat uitsien na more.

Goddelike genade stel nie voorwaardes nie, het nie verwag-
Tinge nie, deel nie reels uit nie en verwyt nooit nie. Dit se:

Ek het jou lief net soos jy is. Jy hoef nie `n eers-mens te
Wees nie: iemand wat eers moet doen, werk, lyk, gee en
Dien nie. Ek gee aan jou My vergifnis, aanvaarding en liefde
Terwyl jy is wat jy is. Want Ek het gekom om uitgetorringde
Lappiesmense se lewe aanmekaar te werk tot `n hemelse
Eenheid.

God se genade is te groot om te verstaan. Tog is dit waaroor
Ons geloof gaan. Waaroor die liefde, die lewe en die ewigheid
Saam met Christus gaan.

Gelukkig hoef ons nie eers die omvang van God se gee-genade
Te begryp voor ons dit aanvaar nie. Ons kan dit, wat so onvoor-
Waardelik aan ons geskenk word, maar net met dankbaarheid
Omarm en ons eie maak.

~ Milanie Vosloo ~

****

Jeug

WILSKRAG
Ek het net uit die winkel gekom met 'n vleispastei, skyfies en 'n yslike hotdog.
'n Hawelose man het daar gesit en se: "Ek het twee dae laas geëet."
Toe se ek: "Hel, ek wens ek het jou wilskrag gehad."

Die logika van 'n kind

Hierdie is 'n ware verhaal, wat net toon hoe fassinerend die brein van 'n sesjarige werk. Hulle dink tog so logies. Die onderwyser was besig om die storie van die drie varkies vir haar klas te lees. Sy kom by die deel waar die eerste varkie material vir sy huis soek. Sy lees: "En so gaan die varkie na 'n man wat 'n kruiwa vol strooi het, en hy se: 'Verskoon my, meneer, maar kan ek van die strooi kry om my huis te bou?'"
Die juffrou huiwer daar, en vra toe vir die klas: "En wat dink julle het die man gesê?"
Die een seuntjie steek sy hand op en se baie as vanselfsprekend: "Ek dink die man sou gesê het . . .
'Goeie genugtig! 'n Vark wat kan praat!'"

VELDWAGTER SE RAAD

Die Kanadese veldwagter gee raad aan toeriste. "Wees versigtig vir bere," se hy. "Dra dus klokkies aan jul polsgewrigte om hulle te waarsku dat julle op pad is. "Bruin bere is nie so gevaarlik soos grysbere nie.
Kyk dus uit vir hul bollie – as julle grysbere se bollie sien, moet julle dadelik terugdraai."
"En hoe moet ons weet of die bollie 'n bruin beer of 'n grys beer sin is?" het een toeris gevra.
"O, julle sal weet. Grysbere se bollie het klokkies in."

ITALIAANSE LOGIKA

Die ou Italiaanse man was op sy sterfbed, en roep sy kleinseun bed toe. "Guido, oupa wil he jy moet nou mooi luister. Jy vat my .38 rewolwer sodat jy altyd jou oupa sal onthou."
"Maar oupa, Guido hou niks van wapens nie, los liewer jou Rolex-horlosie vir my'"

"Jy luister vir jou oupa. Eendag gaan jy die besigheid bestuur, jy gaan he die baie mooi vrou, die baie geld, 'n groot huis en baie bambino's. Eendag jy gaan by die huis inloop en jou vrou sy is in die bed met ’n anderman. "Wat jy gaan doen met die Rolex, Guido? Gaan jy die hoslosie vir hom wys en sê: 'Jou tyd is op?' "

BIETJIE VINNIG

Die rugbyspan het nog 'n yslike nederlaag gely - sy soveelste van die seisoen - en die afrigter het besluit daar moet drasties opgetree word. "Kyk hier, manne, ons moet weer met die heel basiese dinge begin." Hy tel toe 'n rugbybal op en hou dit omhoog. "Sien julle hierdie ding?" het hy stadig gevra.
"Ons noem dit 'n rugbybal. Is julle nog by?"
Dis toe 'n voorryman sy hand opsteek en sê: "Net 'n oomblik, Coach. Nie so vinnig nie."

****

VERJAARDAE

Januarie

14 – Hentie Wessels
20 – Elzette Clarence
23 – Magda Els

Februarie

22 – Christo Broderick

Maart

01 – Terry Green
08 – Don Pretoruis
10 – Mercia McLean
20 – Bianca du Rand

April

04 – Kwagga Combrink
05 – Sally Trent
12 – Liezl Enderstein
15 – Annelie Kruger
17 – Elaine Briel
24 – Alfie Scott
25 – Jan du Plessis

Mei

03 – Yolandi Koekemoer
17 – Ken Gray
18 – Hennie Smit
25 – Martin von Molendorff (Sr)
29 – Yolandi van den Berg

Junie

11 – Xandri du Rand
14 – Paul Els
17 - Stella Batts
28 - Japie de Villiers

Julie

04 - Martin v Molendorff (Jr)
07 – Niel Wessels
09 – Magda de Villiers
18 – Elize Carstens
27 – Deon Reyneke

Augustus

05 – Dampies Mathee
05 – Elsa du Plessis
05 – Shaun McLean
08 – Tinus von Molendorff
13 - Johan Nigrini
13 – Elize Wessels
24 – Andre van den Berg
27 – Retha von Molendorf

September

06 – Nellie Green
06 – Alta Mathee
27 – Jaco Briel
29 – Amanda Verster

Oktober


08 – Dirkie Enderstein
08 – Hein van Niekerk
15 – Kleintjie Coetzee
15 – Kobie van der Zwan
17 – Amanda Verster
20 – Alida van den Berg
27 – Quinten Verster
28 – Craig Brown
29 – Charlize Coetzee

November

01 - Juan-Mari Wessels
01 - Quinette Smit
02 – Nicola Scott
05 – Liezel Combrink
14 – Cielie Broderick
18 – Steve Coetzee
20 – Lance Batts

Desember

08 – Percy Steenkamp
11 – Elize Nigrini
12 – Leon van der Zwan
27 - Lizel Reyneke
29 – Terrence Green
31 – Lida Steenkamp



HUWELIKSHERDENKINGS

Januarie

02 – Terry & Nellie Green
09 – Jaco & Elaine Briel
09 – Janie & Elanza Barnard

Februarie

01 – Niel & Juan-Mari Wessels

Maart

01 – Dampies & Alta Mathee
02 – Deon & Lizel Reyneke
21 – Kwagga & Liezel Combrink
29 – Hennie & Quinette Smit
31 – Jan & Else du Plessis

April

Mei

01 – Shaun & Mercia McLean
06 – Paul & Magda Els
09 – Dirkie & Lieze Enderstein

Junie

07 – Lance & Stella Batts

Julie

14 – Martin & Retha von Moledorff

Augustus

Leon & Kobie van der Zwan


September

03 – Christo & Cielie Broderick
19 – Andre & Alida van den Berg

Oktober

25 – Steve & Kleintjie Coetzee
25 – Quinten & Amanda Verster

November	Desember
18 – Percy & Lida Steenkamp	11 – Johan & Elize Nigrini
29 – Alfie & Nicola Scott	18 – Japie & Magda de Villiers



LIEF EN LEED

Lief

1) Niel & Jaun-Mari Wessels geboorte gegee aan ‘n pragtige dogtertjie.
2) Dankbaar vir die nuwe lid op Bestuur – welkom Don & Sally.
3) Gaan goed met Juan-Mari.
4) Gaan goen met Elize Wessels na haar besoek in die hospitaal.
5) Hein het in sy nuwe huis in Pretoria ingetrek.
6) Shaun & Mercia se huis op Kapschehoop vorder goed.
7) Cecilia het n ou Gauteng rekord van 1979 verbeter deur ‘n 2.97kg modderbek te vang.
8) Oom Leon & Tannie Kobie se kleindogter het SA Span gehaal met Akrobatiesie danse.

Leed


1) Lance se kar nog steeds nie herstel nie.
2) Martin von Molendorff he seergekry by sy werk.
3) Brandstof & diesel pryse raak weer erg hoog.
4) Baie min lede wat by Buffelspoort gekamp het.

ALGEMEEN

Intreegelde :- R120-00
Ledegelde :- R575-00

SAWA se epos vir bydraes na die web toe is :- sawa_admin@sawa.org.za

RIETFONTEIN BANKBESONDERHEDE





Penningmeester: Don Pretorius

Bankbesonderhede: Capitec Business Account

Rekeningnommer 1051243467
Takkode 450105

VOORRAAD





SAWA drag word deur HiTec bestel en nie meer by die SAWA kantoor in voorraad aangehou nie.

SAWA Webwerfadres - http://www.sawa.org.za/
SAWA e pos adres - sawa_admin@sawa.org.za

Besoek ook die Sawa Webwerf en lees al die belangrike inligting aangaande Sawa eerstehands.

****

DIE FYNPROEWER

Mieliepap Muffins



Jy benodig (vir 6)

- 2 koppies mieliemeel
- 4 koppies water
- 1 teelepel sout
- 3 eetlepels olyfolie of botter
- 2 eiers
- 2 hande vol kaas, gerasper
- 4 eetlepels gekapte vars kruie, of 1 eetlepel droë kruie
- 1 teelepel rooipeper
- 1 teelepel paprika
- 1 koppie heel mieliepitte
- 6 sondroogtamaties, gekap

• 12 kersietamaties, gehalveer

Só maak jy
1 Voorverhit die oond tot 200 ºC.
2 Maak eers die pap. Bring die water en sout tot kookpunt. Voeg die mieliemeel daarby en roer tot dit verdik. Laat dit met ’n deksel op prut vir 10 minute. Verwyder dit van die hitte en laat die pap afkoel.
3 Meng die res van die bestanddele saam en voeg die koue pap daarby.
4 Skep die mengsel in ’n gesmeerde muffinpan. Skep dit maar vol, want dit rys glad nie. Bak die muffins vir ongeveer 20 minute.

Wenk: Die muffins is ’n blink plan as jy oorskietpap het. Dan gooi ek ook ’n hand of drie vol gebraaide spek of oorskietboerewors by en eet dit vir brekfis. Dis ’n geduldige resep dié.

Deur Magda Day

Ontbyt potjie

Oorskiet braaivleis in blokkies gesny

Uie
Blikkie tamatie smoor
Maalvleis
Gesnipperde bacon
Groenrissie
Sampioene
Klein blikkie boontjies in tamatiesous
Eiers
Kaas
Sommer enigiets waarvan jy hou

Braai uie, groen rissie,sampioene. Voeg vleis daarby en braai. Voeg tamatiesmoor en boontjies (baked beans) by en laat prut.Geur met sout, peper,speserye .Breek eiers bo-op en sit deksel op om gaar te word .Rasper kaas bo-oor en as dit gesmelt is,dien op op 'n broodjie of enige oorskiet stysel .Wat ookal byderhand is. Sodoende word die oorskiet braaivleis nie gemors nie en enige kombinasie van bestandele kan gebruik word .Basies enigiets waarvan jy hou .

Andri Ford - Kampkos resepte

****

Tegnies

Met erkenning aan Caravan and Outdoor Life.

Woonwa haak vanself af.

Hier volg ’n verkorte weergawe van ’n leser wat ’n nare ondervinding gehad toe sy woonwa in die ry skielik vanself afgehaak het. Hy het deur ’n slaggat gery en die volgende oomblik het sy woonwa sy eie pad gekies. Nadat die persoon sy woonwa weer gehaak het, het hy stadig huis toe gery en die volgende dag laat ondersoek instel by ’n woonwa kliniek. 15 Met die ondersoek is vasgestel dat die bal nie meer presies 50 mm in deursnee was nie maar slegs 47 mm. Die haak was vyf jaar oud en die persoon het ongeveer 40 000 kilometers veldry gedoen, meestal met boswoonwaens en veldry sleepwaens. Weens verskeie grondpaaie wat gery was, is daar vermoed dat stof ’n baie groot rol gespeel het in die slytasie van die bal op die haak. Nou is die vraag: Moet die bal geghries word of nie? Sou mens die bal ghries en daar kom baie stof in kan dit lei tot vinniger slytasie, of hoe? Die kommentaar van kundiges is skynbaar nie noodwendig nie. Die probleem met ghries aan die bal maak dat mens elke keer wat jy afhaak, ’n swart kol of twee iewers aan jou gaan hê. ’n Ander sakie is dat die bal ook deel van die be-aarding van die woonwa uitmaak en ghries mag dalk hierdie aarde negatief beïnvloed. Ek persoonlik sleep al ’n hele paar jaar en ek ghries my motor se bal. Ek het nog nooit ’n probleem gehad met die be-aarding van die ligte nie. Wat ek wel doen is om die haak se dop op te sit die oomblik nadat ek die woonwa afgehaak het. Dit voorkom dat ek ’n ghrieskol of twee iewers aan my kry. Verder maak die haak gereeld skoon deur die ghries af te vee en die haak na te gaan vir erge slytasie. Dit is redelik maklik sigbaar, veral aan die voorkant van die bal, naaste aan die motor se kant. As daar vermoed word dat die slytasie baie erg lyk kan ’n mens van hierdie “fensie” gadgets kry om die bal se deursnee te meet. Party mense noem dit ‘n “vernier”. Party van ons woonwa eienaars het so-iets in hulle gereedskap kassie, vra maar rond. Ek dink egter dat gereelde inspeksie van die haak so ’n probleem grootliks kan uitskakel. ’n Mens moet egter maar versigtig wees wanneer daar deur ’n slaggat gery word met die woonwa aangehaak. Daar word vreeslik baie kragte uitgeoefen op die haak en disselboom, veral as dit ’n redelike diep slaggat is. Die woonwa se haak kan self breek en dan is die probleem nie soseer die bal nie maar die hele haak kombinasie. Kyk maar dus gereeld na die haak, boute, penne en skakels. As jy wel deur ’n slaggat ry, hou maar eers stil en stel ondersoek in of alles nog wel is by die haak. Sterkte en veilig sleep.

Spoghoekie

Oom Leon en Tannie Kobie se Kleindogter Danielle het SA Span gehaal met Akrobatiesie Danse. Geluk julle!



Cecilia Broderyk verbeter n ou Gautense rekord van 1979 met die vangs van ‘n 2,97kg Moddebek. Baie geluk!!



FOTOBEELD
Weesgerus.
10 – 12 Julie 2026





Weet nie wat Magda en Stella hier probeer nie. Is duidelik nie ‘n treffer vir Stella nie.






AJV - Bloekompoort
07 – 10 Augustus 2026



NuweBestuur 2026/2027
VLNR:- Don Pretorius – Penning Meester; Lance Batts – Redakteur: Elize Wessels – Sekretaresse; Retha von Molendorff – Skakel Beampte; Martin von Molendorff – Voorsitter.





Vrydag aand saam braai en die roostrs kreun onder die vleis




Is koud Vrydag aand maar die konka doen sy ding.

Saterdag oggend gesamentlike ontbyt.







Besig om voor te berei vir die Bunny chows

AJV insitting







Hentie Retha Martin Elize Lance






Ou & Nuwe Voorsitter **Hentie aan die woord** **Jannie spreek ons toe**





Bianca open AJV met skriflesing en gebed








Ou Bestuurspan – Hennie Smit, Niel Wessels & Juan- Mari was afwesig gewees.

Hentie se verrassing



AJV dinee – met al die "Hobbo's".













Saal het spogerig gelyk











Toekennings












Money
needed to
keep me
going







MUD

WELKOM BY
SAWA


DANIEL KLEIN





Tannie Kobie & oom Leon se 50ste huwelikshedenking ook saam gevier

Sondag kerkdiens, middagete.





Magda lei die kerkdiens





Afsluiting





Martin se 1ste afsluiting. Bianca se 1ste amptelike SAWA kamp as lid.




Kiddies het ook lekker saam gekamp. Hentie se laaste woord.

Buffelspoort
04 – 06 September 2026











Umfula
23 – 26 September 2026





Nuwe 100+ baba's

Die Rietfonteiner word uitgegee deur Streek Rietfontein van die SA Woonwa-Assosiasie (Sawa). Plasing van berigte, artikels of enige ander bydrae of advertensie impliseer nie dat dit noodwendig die standpunt van Sawa is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die Redakteur verantwoord.